Ons is nie in staat om ’n beeld van die Here te skep nie.

Teks: Eksodus 32: 1 - 35 & Sondag 35
Teksvers: Eksodus 32: 20

1. Inleiding

Vanoggend in die leerdiens fokus ons op die tweede gebod van die tien gebooie. Die bewoording wat ons goed ken uit Eksodus 20: 4&5 lui as volg: [4]“Jy mag nie vir jou ’n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. [5]Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My.

Tog is ons nie besig met ‘n reeks leerpreke oor die 10 gebooie nie. Verder het hierdie saak bitter min verband met ons eerste preek vanoggend. Want wat ons vanoggend na hierdie onderwerp lei vanoggend is die onlangse gebeure tydens die opening van die olimpiese spele. Spesifiek die herontwerp en interpretering van die laaste avondmaal skildery van Leonardo da Vinci. Ten hierdie tyd het bykans elkeen van u hier al ’n boodskap ontvang wat die teenkanting van die spele eis as gevolg van die Godslasterlike herskepping van die skildery met karakters uit die homoseksuele en woke omgewing.

Dit uitbeelding van Jesus Christus in die skildery word vervang deur ’n eienaardige oorgewig vrou met ’n blou rok aan. Tog is dit nie eerste keer wat dit met hierdie skildery gebeur nie. In 2010 ontvang die kustenaar Dean Simon ’n kontrak om ’n skildery te verf wat die laaste avondmaal uitbeeld maar dan Jesus Christus vervang met Nelson Mandela, en ook die dissipels met ander politieke figure.

Vanoggend in die leerdiens wil ons fokus op wat presies dan die probleem met hierdie skildery en uitbeeldings is. En waar moet ons oortuiging en uitspraak dan lê.

2. Afbeeldings van die Here word verbied

Daar is al dikwels in die verlede gevra waarom die binnekant van ’n gereformeerde kerkgebou dan so vaal en saai lyk. Waarom is daar nie kunswerke teen die mure hier rondom u nie. Want wanneer ’n mens tog reis en in die katedrale oorsee kom is daar baie kunswerk teen die mure en selfs die plafonne. Wat het dan in die 16de eeu gebeur dat ons kerkgeboue lyk soos hulle lyk vandag?

Eintlik begin dit met die tien gebooie, soos waarna ons ook in die eerste diens geluister het. En dan sal u onthou dat die tweede gebod ons beveel: “Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie”, soos ons bely in Sondag 35 vraag 96. Maar hoe kon die tradisionele Rooms Katolieke kerk dan hierdie gebod so mis hê. Die antwoord lê in die feit dat hulle indeling van die tien gebooie anders lyk. Die tweede gebod in die Rooms katolieke kerk handel oor die uitdelike gebruik van die Here se Naam, dit wat ons derde gebod is. Die negende en tiende gebod word dan verdeel tussen begeerte na jou naaste se vrou as 9 en begeerte na sy besittings as 10de gebod.

Met hierdie oortuiging was die deur natuurlik aanvanklik wyd oop vir kunswerke waarin die Here uitgebeeld word. In 1495 - 1498 verf Leonardo Da Vinci dan die laaste avondsmaal in opdrag van die Hertog van Milan. En dit sou dan voortaan ‘n sleutel rol in die Christelike geloof speel. Maar die groot vraag in ons leerdiens vanoggend is of hierdie skildery dan werklik ’n groot rol in Christelike geloof behoort te speel? En of die aanvanglike eerste oorspronlike weergawe nie alreeds ’n Godslasterlike verbreking van die tweede gebod was nie.

3. Die gebroke natuur van afbeeldings

Ons het in die inleiding gesê dat hierdie verdraaiing van die uitbeelding van die Here niks nuuts is nie. Maar in ons teksgedeelte gaan ons selfs nog verder terug. Ons gaan terug na volk in die woestyn wanneer Moses met die berg opgaan om met die Here te praat. Moses wat die tussenganger tussen hulle en die Here is, bly lank weg. En dan maak die volk 'n plan, hulle gaan 'n beeld maak om die teenwoordigheid van die Here te kan ervaar. En volgens vers 4 is die beeld dan

die gode wat die volk uit Egipte verlos het in vers 4. Die beeld verteenwoordig dus die Here.

Maar wat vir ons nog selfs 'n groter aanduiding gee dat hier nie van ’n ander afgod gepraat word nie, is Aaron se woorde in vers 5. Hy sê dat hulle môre 'n fees tot eer van die Here sal hou. Die hebreeuse word wat hier vir Here gebruik word is Jahwe. Jahwe wat die Verbondsgodnaam is wat gewoonlik net gebruik word as daar van die Here gepraat word.

Maar dan sien ons die bul kalf wat hulle uit goud maak het, hou eerder baie sterk verband met die vrugbaarheidsgode wat in Egipte rondom hulle aanbid is. Dus word ’n afgodsbeeld gebruik om die Here uit te beeld. Natuurlik gebeur dit omdat hulle net soos ons nie weet hoe God lyk nie. Dieselfde is natuurlik waar selfs van die oorspronlike laaste avondsmaal skildery.

Wat Leonardo da Vinci uitgebeeld het was beslis nie Joods nie. Jesus en Sy dissipels was egter Joods en die gebeurtenis wat uitgebeeld word fouteer in bykans alle aspekte. Dit is die verkeerde tafel, verkeerde tydperk van geskiedenis, die verkeerde sitplekvolgorde en die verkeerde spyskaart. Dit lyk op die oog of daar eintlik nie eers moeite gedoen is met ’n akkurate weergee nie. Of was die oorspronklike skildery alreeds ’n eie interpretasie van die gebeure.

Wanneer ons so net hierdie twee uitbeeldings ondersoek, raak dit eintlik al vinnig vir ons duidelik waarom die Here hierdie afbeeldings verbied. Dit word uiteindelik net ’n vermenging tussen wat heilig is en dit wat sekulêr is. Buitendien sal 'n eenvoudige aardse beeld nooit iets van die almagtige God van die heelal kan uitbeeld nie.

4. Aanbidding van ander verlossers

Maar dan is daar ook die ander probleem waaraan ons tog aandag moet gee. Die blatante vervanging van Christus met ander figure uit die politiek en filosofiese stroming. Dit wat juis daardie ontheiliging gevoel by mense aanwakker. Dit wat ons Lukas 9:26 laat aanhaal: “[26]Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en van die heilige engele.”

En dit is hier waar die fokus eintlik van die tweede gebod verskuif na die verwerping van die Messias, die Verlosser. Want in die gevalle wat ons bestudeer is dit pertinent ons Here Jesus Christus wat vervang word deur ’n ander bekende persoon of uitbeelding van ’n spesifieke filosofie. En dit is rede tot kommer, want hierin sien ons ’n duidelike boodskap van die verwerping van die Verlosser. En natuurlik ook die kerk waarvan ons Here Jesus Christus altyd die enigste hoof en leier bly.

Maar voor ons so vinnig die veroordelende vinniger wys na iets wat veilig ver is, soos die olimpiese spele. Hoe lyk dit daar waar ons elke dag woon en werk. Watter rol speel Christus en die kerk nog in my alledaagse lewe. Of is ek ook besig om stelselmatig die troon waarop die Here regeer te gee aan ander. Is ek bereid om met dieselfde krag en ywer te stry teen die mense naby in my gemeenskap wat besig is om Christus en en die kerk te verwerp. Of het ons al so ver verwyderd geraak van die waarheid en gesonde leer, dat ons nie eers meer besef dat die tweede gebod deur alreeds verbreek is voor die nuutste polemiek daaroor ontstaan het nie.

5. Slot

Ons kan laastens ons preek afsluit met ’n opsomming oor die tweede gebod en ’n toepassing op die onlangse gebeure in die wêreld arena. Die tweede gebod behels die letterlike opdrag dat ons nie die Here in enige persoon van die drie-eenheid mag afbeeld nie. Afbeeld behels natuurlik nie net 3 dimensionele beeldjie en reliëf-uitbeeldings nie. Dit behels ook plat skildery en selfs prosa en poësie.

God beveel ons in Sy woord hoe Hy aanbid en vereer moet word, en ons moet nie van beter weet nie. Daarom handel die tweede gebod ten diepste oor eiewillige Godsdiens. En ons weet dat eiewillige Godsdiens gewoonlik ly tot ’n vorm van sinkretisme tussen Heilige en Sekulêre sake. Trouens dit is presies wat ons ook gesien het in die geskiedenis van die goue kalf en die onlangse Olimpiese spele opening.

Maar dan spesifiek met betrekking tot die laaste avondsmaak skildery. Daaroor kan ons sê dat die oorspronklike alreeds ’n verbreking

van die tweede gebod was. En al het dit wel nog ’n uitbeelding van Christus as persoon bevat, was dit reeds ’n kontemporêre interpretasie van die laaste maaltyd van Christus. En wat reeds verkeerd was het net verder op die pad van spot en Godslastering gevorder.

Wat wel vir ons ’n rooi lig moet wees, is die vervanging van Christus as verlosser. En daarmee saam die vyandigheid teenoor die voortbestaan van die kerk. Want dit is werklike aktuele vrae en uitdagings waarmee ons elke dag gekonfronteer word.

Amen